Dinsdag **23 April**

**Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Esegiël 37:1-14**

**Die Here maak ons van binne af nuut!**

As gevolg van die sonde is die mens van nature geestelik dood. Die Here gebruik 'n treffende beeld om aan ons hierdie doodsheid te illustreer: Hy neem vir Esegiël na 'n laagte. In die laagte lê 'n klomp bene; letterlik: uitgedroogde bene. Esegiël moet reg rondom hierdie bene stap. En toe vra die Here aan hom 'n vraag: *"Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?"* Esegiël antwoord: *"Nee, dit weet net u Here, my God."* Hy bedoel hiermee: nee, nooit nie, behalwe as U dit bewerk. Hierdie doodsbeendere is simbool van 'n verharde mens se toestand. Hy is geestelik dood! En so iemand kan God nie dien nie.

Hoe gebeur dit dan dat ek, wat geestelik dood is, daartoe kom om in God Drie-Enig te glo? Om dit te verstaan, moet ons teruggaan na die beeld van die doodsbeendere: Esegiël staan steeds by die laagte vol dooie uitgedroogde bene – bene wat al lankal afgeskryf is – en waaraan niemand hulle meer steur nie – wat hoegenaamd geen waarde meer het nie. Die Here sê aan hom om te profeteer vir die bene – en die Here sê ook wat hy moet profeteer – hy moet sê wat volgende gaan gebeur – en wat hy toe geprofeteer het, word 'n werklikheid. Terwyl Esegiël nog so staan en kyk na die bene, sien hy 'n verstommende onmoontlike ding gebeur: die bene begin beweeg. Hulle beweeg na mekaar toe, elkeen na die been wat by hom pas. En terwyl hy kyk, sien hy hoedat daar senings en vleis om die bene gevorm word, maar steeds is die liggaam sonder lewe. Daarop het die Here 'n gees in daardie liggaam geplaas en toe was dit 'n lewende liggaam!

En dit is wat gebeur as God in jou lewe ingryp deur sy Woord en Gees: Hy maak lewendig dit wat voorheen dood was. Dit is 'n wonderwerk – 'n verstommende wonder – die grootste onmoontlikheid het moontlik geword.

Maar dan: die hoogtepunt van al die verskille tussen 'n geestelik-dooie mens en 'n geestelik-lewende (gelowige) mens: 'n dooie mens kan nie die gawes wat die Here gee, geniet nie. Wat is hierdie gawes wat die Here gee: 'n geseënde lewe, 'n vervulde lewe, 'n sinvolle lewe, 'n verloste lewe deur die bloed van Jesus Christus – 'n nuwe lewe wat tot in ewigheid sal duur. Moenie daaraan twyfel nie!

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)*